

Ontsag vir God is 'n lewenswyse vanuit 'n intieme verhouding met Hom

Moses moes sy skoene uittrek omdat dit heilige grond was ... Die engele het hulle gesigte bedek, vertel Jesaja ... Ons teks: In die hemel, onder die hemelinge in die hemelse vergadering is daar ontsag vir God!

... Maar op aarde nie! Hier laster, vloek, skel ons, maak grappies oor die hemel en hemelse dinge, spot ons met Petrus en lag ons oor God.

Die digter Etan bring ons hier in die teenwoordigheid van God. Sien God deur sy oë. Wanneer Etan begin, is dit 'n lofprysing – want wie God van naderby leer ken het, Hom persoonlik in jou lewe ontmoet het, Hom gesien het, kan nie anders as om, diep beïndruk, Hom te prys nie!

Etan sien God in die hemel tussen die miljoene hemelinge. Alle perke van ruimte en tyd verval wanneer 'n mens oor God praat, 'n oomblik word self die ewigheid wat van geslag tot geslag voortol.

Ons bevind ons in verse 6-15 direk in God se teenwoordigheid. Hierdie Psalm is iets soos 'n venster waar ons onder leiding van die Heilige Gees die hemel inkyk. Wat ons sien en hoor, is ontsagwekkend! “*U het die monster Rahab verbrysel, hy is verslaan. Deur u groot mag het U u vyande uitmekaargejaag*” (vs 11).

Die “*monster Rahab*” – die Godvyandige magte – het saamgespan met die komplot om die Seun van God, Jesus Christus, te vermoor: kindermoord in Betlehem, versoekings in die woestyn, verraad van 'n dissipel, verwerping van die volk ... maar net toe dit op Golgota lyk asof Rahab gaan slaag, lewer Jesus die verpletterende slag. Rahab is eens en vir altyd verslaan! Die draak, dier, groot verleier, is dodelik verwond net om totaal vernietig te word met Jesus se wederkoms wanneer al sy vyande vernietig sal word.

Daarom het ons heilige ontsag vir God, respek vir Hom, Hy is gans anders!

Sing: Psalm 89:4

Dr. PK Lourens (Bloemfontein)